UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD    JAAR 16 # 3 • 24-4-2008 • YEAR 16 # 3    MONTHLY STAFF NEWSLETTER



'N REËNBOOG VOL GELUK! Op 19 April, toe me Monean Carstens (neé Wenn), 'n sekretaresse by die Departement Bewaringsekologie, getrou het, het dit gelyk asof die winterweer nou amptelik met ons is. Maar sy en haar man, mnr Charles Carstens, wat gereeld die US se Maart en Desember gradeplegtighede vir die Universiteit op film vaslê, was min gepla met die weer, want net toe die fotograaf sy foto kiek, het daar 'n reënboog op die horison verskyn. En ons weet mos almal dat 'n reënboog potte vol geluk beteken... *(Hennie Rudman, SSFD)*

## Institutional debate changing face of community interaction at SU

The institutional debate around community interaction is well underway with plans already in place to incorporate suggestions from the recently held Community Interaction Symposium into the University's Community Interaction Policy. This is according to Mr Jerome Slamat, Senior Director: Community Interaction.

The Symposium is one of many institutional discussions that the University has organised around community interaction following the 2005 Higher Education Quality Committee (HEQC) institutional audit and the subsequent audit report released in 2007.

The report recommended that the institution "engage in an institution wide debate about the meanings of its notion of community, the nature and purposes of the interactions with different communities, and how these give effect to the institution's objectives of self-renewal and its commitment to redress past injustices in South Africa". It went on to say that the University should "give serious consideration to the development of principles, processes and monitoring mechanisms to assess the quality of current and new community interaction activities. This assessment should include the extent to which these activities are related to the other two core functions and contribute to advancing the institution's 2012 Vision and its strategic objectives".

A year after the release of the report, the University is making headway with implementing these recommendations said Mr Slamat.

Recently academics, researchers and various role-players involved in community interaction (CI) initiatives at this institution gathered at the Stellenbosch Institute for Advanced Studies (STIAS) for a Symposium to evaluate community interaction at the University. The Symposium was organised by the Community Interaction Division.

"The Symposium was an opportune time to revisit our understanding of community interaction, since various implementation steps have already occurred since the adoption of SU's Community Interaction Policy in 2004," said Mr Slamat.

This include the establishment of a Community Interaction (CI) Division consisting of Mr Slamat and three other staff members, the repositioning of Matie Community Service within the office of the Dean of Students and a Community Interaction Committee of Senate on which all three Vice-Rectors and faculty representatives serve. This year the University has also budgeted R1,5-million for the funding of flagship projects. The CI division also works closely with the Stellenbosch Foundation to facilitate funds for community interaction projects.

Following the release of the HEQC audit report, a Quality Development Plan was drawn up and the Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, Prof Julian Smith, and Mr Slamat proceeded with implementing the recommendations. An instrument, which consisted of a list of seven questions drawn from the recommendations was sent to each faculty and division. This initiated a first round of discussions on community interaction within these environments.

"The faculty responses were then given to an external expert, Dr Jo Lazarus, Project Manager of Community-Higher Education-Service Partnerships (CHESP) of the Joint Education Trust (JET), so that he could give us formative feedback at the Symposium," said Mr Slamat. CHESP was launched by JET Education Services in 1999 to explore the potential of community interaction in higher education.

The Symposium was a culmination of the discussions that took place beforehand at faculty and divisional level. During the symposium, the Rector, Prof Russel Botman, placed the role of community interaction firmly within the University's own goals as contained in the Strategic

*(turn to page 6)*

# Europese Unie skenk R3,5m vir MIV-projekte

Ná die onlangse toekenning van R3,5 miljoen van die Europese Unie (EU) aan die Universiteit Stellenbosch (US) is sewe kernprojekte geloods wat sal bydra tot die opgradering van institusionele MIV-programme by die Universitieit.

Volgens me Monica du Toit, koördineerder van die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering, behels die Universiteit se nuwe MIV-strategie dat daar wegbeweeg word van eenmalige bewusmakingsgeleenthede en dat meer gefokus word op navorsing, dienslewering, onderrig, welwees en leierskapsontwikkeling. Hierdie sal almal saamgevoeg word om aan te sluit by die US se visie van 'geen nuwe infeksies op kampus teen 2012' nie. Die strategie sal ook verder klem lê op die ontwikkeling van MIV-spesifieke vaardighede binne die studentekorps met die oog op dienslewering en bestuur in die arbeidsmark.

"Dit is belangrik dat dié wat baanbrekerswerk op die gebied van MIV- en Vigs-navorsing doen saam met dosente, menslikehulpbronbestuurders en gesondheidsorgpersoneel besef hoe deurslaggewend hul werk is in die verwesenliking van ons MIV-visie", sê me Du Toit.

Die sewe kernprojekte sluit in:

- Die bevordering van MIV-onderrig deur kurrikulumontwikkeling en die instelling van 'n basis-MIV-kursus vir alle nuwelingstudente
- 'n Welwees- en MIV-opleidingstrategie vir personeel
- Die uitbreiding van primêre gesondheidsdienste aan studente en personeel binne Kampusgesondheidsdienste
- Die saamstel van 'n databasis van MIV-navorsing binne die Universiteit asook die fasilitering van groter interne samewerking tussen MIV-navorsers
- Die uitbreiding van IT-stelsels wat institusionele inligting met betrekking tot MIV kan deurgee
- Die uitbreiding van portuurvoorligting vir studente na die Tygerberg-kampus
- Die uitbreiding van die fisiese kapsiteit van die Kantoor om te help met die bestuur van die projekte

Volgens me Du Toit kan elkeen by die Universiteit op 'n direkte of indirekte wyse voordeel trek uit die projekte, maar ook aktief 'n bydrae lewer.

"Die geleentheid is nie net beskikbaar om persoonlik verantwoordelikheid vir jou gesondheid te neem deur van die dienste gebruik te maak nie, maar dit behels ook dat dosente kan herbesin oor watter MIV-inligting deel van kurrikula behoort te wees, dat bestuurders hul eie omgewings deur middel van opleiding kan bemagtig en dat navorsers se spesialiskennis aktief gebruik word om ons interne MIV-strategie te rig".

> *"Elkeen by die Universiteit kan op 'n direkte of indirekte wyse voordeel trek uit die projekte"*
> – Me Monica du Toit

Die institusionele MIV-strategie word deur die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering, onder die toesig van prof Julian Smith en in samewerking met die Afrika Sentrum vir MIV/Vigsbestuur, geïmplementeer.

* Die US se MIV Program staan tans bekend as die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering.

– LIEZL SCHOLTZ

## Nuwe Bulletin

*Kampusnuus* het in die wandelgange gehoor dat die elektroniese Bulletin wat op die oomblik Dinsdae en Vrydae verskyn, binnekort van gedaante gaan verander. Hou jou e-pos inmandjie volgende maand dop.

## New Bulletin

*Kampusnuus* has heard via the grapevine that the electronic Bulletin, currently distributed on Tuesdays and Fridays, is scheduled for a face-lift. Keep an eye on your e-mail inbox during May.

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus

**OPINIE**
*Briewe en 'Kampusklets oppie Rooiplein'* 2



**NUUSMAKERS**
*Proff Geyer en Van Huyssteen neem nuwe poste in* 3

**NUUS**
*Internasionale migrasie in en uit Suid-Afrika* 4



**MENSE**
*Johnny Lakey is 'n meester met hout* 4



**KUNS**
*Matie receives R25 000 from Province* 8

KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



In die afgelope paar weke voel dit asof die somer besig is om ons te verlaat. Waar ek vantevore teen 06:00 die son se strale deur die slaapkamervenster kon sien, is daar nou net die stikdonker wat my in die gesig staar. Vir iemand wat gewoond is dat die oggendsonstrale haar wakker streel, is dit nogal deesdae 'n aanpassing om te skat hoe laat dit is. Gelukkig is die sewemaand-oue Leo – dit is nou die hond – daar om my wakker te maak.

Hier teen 06:00 is hy al lankal op en trippel hy rondom die bed. Ons het gelamineerde houtvloere, so dink jouself net in hoe dit in die oggend nog voor 'n koppie koffie klink. Oorverdowend! As dit nie werk nie, begin hy eers liggies aan jou hand lek. Ná 'n paar minute word die lekkery dringender. En as dít jou nie wakker maak nie, staan hy op sy agterpote; voorpote mooi op die bed geposisioneer en "tackle" hy jou met sy finalé – 'n nat lek so regdeur jou gesig. My eie asemhalende sonstraal! Al is die lekkery nou nie rêrig 'n streel nie.

Alhoewel die weer aan die verander is en van ons aan meer innoverende maniere moet dink om wakker te word of om die oefenprogram aan die gang te hou, is *Kampusnuus* nog propvol van al die lekkerleesartikels waaraan jy gewoond is. Daar is die briewerubriek hieronder en natuurlik ook die *Kampusklets oppie Rooiplein.*

Natuurlik is daar ook elke maand nuwe gebeure. Jy kan gerus na bladsy 3 blaai om oor proff Geyer en Van Huyssteen te lees wat nou albei in nuwe poste aangestel is. Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe spog ook vanjaar met 'n hersiene kurrikulum. Lees op bladsy 3 meer oor hierdie nuwe kurrikulum en hoe dit sal help om gesondheidswetenskaplikes op te lei wat tred sal hou met die eise van die tyd.

Na afloop van 'n onlangse seminaar oor internasionale migrasie vertel prof Simon Bekker vir ons op bladsy 4 meer oor migrasie in en uit Suid-Afrika. Ook op bladsy 4 het *Kampusnuus* met mnr Johnny Lakey by sy huis gekuier om uit te vind wat hierdie oudpersoneellid nou met sy tyd doen en wat sy werk behels het in die 35 jaar wat hy in diens van die US was.

Van ons akademici het ook toekennings hierdie maand ontvang. Daar is die wiskundige, prof Florian Breuer (bladsy 3), wat die Meiring Naude-medalje van die Royal Society of South Africa ontvang het en prof Amanda Gouws (bladsy 5), wie se boek, *(Un)Thinking Citizenship: Feminist Debates in Contemporary South Africa,* deur Constitutional Hill as onderwerp vir 'n maandelikse tema-besprekingsforum gekies is. Engela Duvenage gesels ook op bladsy 5 met Prof Helgard Raubenheimer, 'n internasionaal erkende navorser en een van Suid-Afrika se voorste goud- en organometaalchemici, wat chemienavorsing by die US uitbou.

Daar is ook die gewone kunsteblad op bladsy 7 met die nuutste musiekkonserte, galery-uitstallings en vertonings wat jy in April en Mei kan sien.

Aan die einde van die maand lê daar ook twee langnaweke vir ons almal voor. Neem dus jou *Kampusnuus* huis toe en lees dit rustig in die gemak van jou huis deur. Ek hoop dat julle almal 'n lekker Vryheidsdag op 27 April en Werkersdag op 1 Mei sal vier. Lekker lees!

Lynne

# *In defence of anti-racism education*

The University of Free State debacle around alleged racism in campus residences and the exclusion by the Forum of Black Journalists of white journalists from their Cape Town *indaba,* as well as their subsequent rejection of the Human Rights Commission's finding that the exclusion was racist, highlight some important challenges for educators in pluralistic communities venturing onto the road of educational equity and social justice. These incidences of conflict raise the point that some people in our country cannot move beyond racial issues. Although some people have spoken out vociferously against these incidents, others remain complacent, muted and even hostile towards those who categorise these incidences as race-related – more specifically, there seems to be a discomfort in speaking about race and a defensiveness on the part of those who are privileged when they are charged as being 'racists'. I argue that we (our universities) need to provide critical, anti-racism education – a collective space where people can air their positions about equity and social (in)justice without reproach and punishment, and where hollow claims of freedom, justice and democracy, as well as racism and forms of oppression which seem to characterise some of our institutionalised practices can be disrupted.

Let me begin by proposing some restriction on freedom of speech. This statement might sound contradictory, but it is not. Having a look at contemporary world politics, black, Asian and Middle Eastern bodies are often criminalised and encoded with notions of deviancy, subversion, terrorism and laziness – a form of essentialism often pursued by the dominant voice (in the name of freedom of speech). Such dominant voices ought to be constrained, because they carry with them hidden and expressed values that lie anchored in oppression. In other words, our responsibility to ensure the right to freedom of speech ends as soon as injustice to others begins. Freedom of expression should not become what Amy Gutmann (2003:200) calls "an unconstrained licence to discriminate". The point I am making is that unconstrained and irresponsible freedom of speech is in fact unjust and does not offer any possibility for cultivating a politics of difference.

What should underpin an anti-racist education agenda? Firstly, we need to cultivate forms of deliberation in our institutions that do not attempt to achieve dialogical victory over our adversaries, but rather attempt to find and enact terms of political coexistence that we and others endorse as morally acceptable. Through deliberation, educators and students disturb complacency or provoke doubts about the correctness of their moral beliefs, or about the importance of the differences between what they and others believe, This causes distress and is accompanied by a rough process of struggle and ethical confrontation, i.e. belligerence (Callan, 1997:211). Belligerence and distress give way eventually to moments of ethical conciliation, when the truth and error in rival positions have been made clear and a fitting synthesis of factional viewpoints is achieved (Callan, 1997:212). I agree with this idea of deliberation – where no-one has the right to silence dissent and where participants can speak their minds. Secondly, following Zygmunt Bauman (2001:138–139), an anti-racist education agenda should be aimed at "preparing [students] for life" rather than to "rationalise the world". It means cultivating the ability in students to live daily and at peace with uncertainty and ambivalence; instilling tolerance of difference and the will to respect the right to be different; fortifying critical and self-critical faculties and the courage needed to assume responsibility for one's choices and their consequences; and inculcating in students the concern with remaining open-ended rather than with any specific product, fearing premature closure more than it shuns remaining forever inconclusive.

*Prof Yusef Waghid*
*Dean: Faculty of Education*


* REFERENCES

Baumann, Z. 2001. *The individualized society.* Cambridge: Polity Press.

Callan, E. 1997. *Creating citizens: Political education and liberal democracy.* Oxford: Oxford University Press.

Gutmann, A. 2003. *Identity in democracy.* Princeton: Princeton University Press.


Kampusnuus *wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus-*redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

BRIEWE



## E-POS AAN LYNNR@SUN.AC.ZA

## Hoeveel krag word bespaar

Die regering vra almal om 10% krag te bespaar. Ek wonder net hoe kan ons weet dat ons 10% bespaar? Hoeveel krag bespaar ons byvoorbeeld as ons ons rekenaars oornag afsit? Hoeveel krag bespaar ons as ons ons kantoorligte oor middagete afsit? En hoeveel krag bespaar ons as ons in Admin B die helfte van die gang se ligte tydens kantoorure afsit? Is dit moontlik om maandeliks terugvoer te kry oor hoeveel krag ons gebou verbruik sodat ons kan weet of ons pogings om krag te bespaar suksesvol is?

*Laat jou liggie oordeelkundig skyn*

## Rom, rom, rom, Stellenbosch kom!

Hoe wonderlik het rugbyharte in die suide nie anderaand geklop toe Maties en Ikeys se trots (hulle eerstespanne) mekaar die stryd op Coetzenburg aangesê het om te bepaal wie die eerste houer van die FNB Varsitybeker sou wees nie. Sprankel-, sjampanjerugby, kliphard, slim en skoon met vlugvoetigheid wat die dinasourusse van die Tukkies en Potch seker oopmond gelaat het en wat vele, vele goeie dinge vir rugby in die Westelike Provinsie voorspel, is uitgestal.

Die Danie Cravenstadion was feitlik stampvol en die Pieke het weergalm van die luidkeelse aanmoediging van die hoofsaaklik studenteskare. Hoe pragtig! Wat 'n puik suidelike tradisie is dit nie wat herleef wanneer Matie en Ikey mekaar op die rugbyveld pak nie.

Diegene wat die opgewondenheid op die TV gevolg het, moes ongelukkig die onkunde van die seisoen aanhoor toe Supersport-rugbykommentator Owen Nkumane die volgende te sê gehad het: "UCT has not contributed much to rugby in this part of the world!"

Nkumane, op sy dag haker in die Springbokspan, behoort van beter te weet. "Have you ever heard of the likes of rugby heroes such as Bennie Osler, Louis Babrow, Cecil Moss, HO de Villiers, the McCullum brothers (Ian and Roy), Chris Pope, Dugald McDonald and Peter Whipp – and many, many others, Mr Nkumane? Well, they all played for Ikeys before being elected to don the green and gold." Soos die Ingelse sê: "I rest my case!"

*Trotse Oudmatiema*

Briewe kan gerig word aan die Redakteur: *Kampusnuus*, per e-pos aan lynnr@sun.ac.za, of met die binnepos aan Kamer B1223, Admin B-gebou, of per faks aan (021) 808-3800. Hoewel briewe op versoek anoniem of met skuilname geplaas kan word, moet skrywers se name en kontakbesonderhede asseblief by die brief ingesluit word. Briewe moet duidelik KAMPUSNUUS BRIEWEBLAD gemerk word. Die beste brief wen 'n prys.

# *Kampusnuus stel die rekord reg*

In 'n onlangse *Kampusnuus*-artikel, *Vier Stellenbosse navorsers is nou wêreldleiers* (Jaar 16 # 2), is 'n foutiewe stelling gemaak dat die Rhodesbeurs wat in 1962 aan prof Cornelius van der Merwe toegeken is, vandag as die Mandela/Rhodesbeurs bekend staan.

Die Rhodesbeurs staan egter nie vandag as die Mandela/Rhodesbeurs bekend nie. Die Rhodesbeurs bestaan nog steeds as 'n internasionale beurs wat deur die Rhodestrustees in Engeland met behulp van verteenwoordigers in vele lande bestuur word.

Die Mandela/Rhodesbeurse daarenteen is 'n skepping van die Mandela/Rhodes Stigting. Laasgenoemde het in 2003 tot stand gekom as 'n vennootskap tussen die Rhodes Trust en mnr Nelson Mandela. Die Mandela/Rhodes Stigting staan heeltemal onafhanklik van die Rhodes Trust, met sy eie raad van trustees, en ken die Mandela/Rhodesbeurse toe.

Die Rhodesbeurs word vir studie aan die Universiteit van Oxford en die Mandela/Rhodesbeurs vir studie aan enige Suid-Afrikaanse universiteit aan inwoners van Suid-Afrika en suidelike Afrika toegeken. Prof Van der Merwe was wel 'n wenner van die Rhodesbeurs in 1962, en het aan die Universiteit van Oxford studeer.

# Prof Hendrik Geyer word hoof by STIAS


Prof Hendrik Geyer is sedert 1 April aangestel as die direkteur van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS*) by Mostertsdrift. Hy volg prof Bernard Lategan op wat op 31 Maart 2008 afgetree het en wat sedert die stigting van STIAS in 1999 aan die hoof van die instituut gestaan het.

Prof Geyer is hoogleraar in Teoretiese Fisika en direkteur van die Universiteit Stellenbosch (US) se Instituut vir Teoretiese Fisika. Hy geniet internasionale erkenning vir sy werk in kwantummeganika en die kwantummeganiese veeldeeltjieprobleem. As jarelange beskermheer van die Chris Engelbrecht Somerskool vir Teoretiese Fisika het hy talle wêreldleiers op hierdie gebied na Suid-Afrika gelok, waarvan vyf later ontvangers van die Nobelprys geword het. Hy was die groot dryfveer agter die totstandkoming van die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP) wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie befonds word en wat ook op Mostertsdrift gevestig sal word.

Prof Geyer is 'n verkose genoot van die Royal Society of South Africa, navorsingsgenoot van die Institute for Nuclear Theory van die Universiteit van Washington in Seattle en ontvanger van die gesogte Alexander von Humboldt-toekenning. Hy het 'n wye interdissiplinêre belangstelling en was byvoorbeeld betrokke by die instelling van 'n fakulteitswye honneursmodule, Filosofie vir Wetenskaplikes.

Hy is reeds vir meer as 'n dekade betrokke by die popularisering van die wetenskap. Hy is 'n bydraer tot *Die Burger* se rubriek Wetenskap Vandag en is 'n gereelde paneellid van die gewilde radioprogram *Hoe verklaar jy dit?* Hy het 'n lewendige belangstelling in die kunste, veral in klassieke musiek. Prof Geyer se wortels lê in die Oos-Kaapse platteland. Hy is getroud met Jane Herholdt en hulle het twee dogters, Jani en Marisa.

* Die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing gebruik ook in Afrikaans die akroniem STIAS, afgelei van die Stellenbosch Institute for Advanced Study. STIAS se moderne Wallenberg Navorsingsentrum is in November verlede jaar geopen. Besoek gerus www.academic.sun.ac.za/stias vir meer inligting oor STIAS en die Wallenberg Navorsingsentrum.




Prof Hendrik Geyer, wat internasionale erkenning vir sy werk in kwantummeganika en die kwantummeganiese veeldeeltjieprobleem geniet

# Prof Leopoldt van Huyssteen nou Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies

Prof Leopoldt van Huyssteen het in Desember 2007 uitgetree as dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe. Hy is in September 2007 as Waarnemende Viserektor (Navorsing) aangestel ('n pos wat intussen deur prof Arnold van Zyl oorgeneem is) en is sedert Januarie 2008 ook verantwoordelik vir Innovasie en Kommersialisering. Sedert 1 April 2008 is hy amptelik werksaam as Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies in die Universiteitsbestuur. In hierdie posisie is hy oorhoofs verantwoordelik vir Fasiliteitsbestuur, Finansies (waarby Kommersiële Dienste ingelyf word), Informasietegnologie, Interaktiewe Telematiese Onderrig, InnovUS en staan hy ook in die lynfunksie vir die Unistel Groep van maatskappye.

Prof Van Huyssteen is in Oktober 1999 as dekaan van die destydse Fakulteit Landbouwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) en in Januarie 2000 as dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe aangestel, nadat twee fakulteite (Landbou en Bosbou) onder sy bestuur saamgesmelt het. In hierdie tydperk was hy ook lid van die Rektor se Bestuurspan as dekaneverteenwoordiger.

Hy het die grade BScAgric, HonsBscAgric *(cum laude)*, MScAgric *(cum laude)* en PhD (Agric) met Grondkunde as hoofvak aan die US verwerf, waarna hy in diens van die Nasionale Departement van Landbou en later ook die Landbounavorsingsraad was.

Hy is die outeur of mede-outeur van verskeie wetenskaplike en populêre publikasies, en sy navorsingsresultate het in die wingerd-, sitrus-, sagtevrugte en bosboubedrywe toepassing gevind, sowel nasionaal as internasionaal.

In 1982 was hy die eerste ontvanger van die Suid-Afrikaanse Wingerd- en Wynkundevereniging (SAWWV) se prys vir navorsing en bydrae tot die bedryf. Die Wes-Kaapse Landbouskrywersvereniging het hom in 1989 aangewys as Landboukundige van die Jaar vir die Wes-Kaap. Die Grondkundevereniging van Suid-Afrika het in 1994 die Toekenning vir Uitmuntende Diens aan Grondkunde aan hom gemaak. In 2000 het die SAWWV 'n toekenning aan hom gemaak vir sy bydraes tot die vereniging en tot die bedryf, en ook erelidmaatskap aan hom toegeken.

Sedert 1993 was hy direkteur van die LNR-Instituut vir Wingerd- en Wynkunde, en later die direkteur van die nuutgevormde LNR-Instituut vir Vrugte, Wingerd en Wyn nadat die twee voormalige LNR-institute op Stellenbosch, naamlik Infruitec en Nietvoorbij, onder sy leiding saamgesmelt het.

Prof Van Huyssteen het as raadslid en president van die Grondkundevereniging van Suid-Afrika en as raadslid van die Landbounavorsingsraad gedien. Hy was tot onlangs lid van die Universiteitsraad van die US, die Menslike Hulpbronkomitee: US-Raad en die Uitvoerende Komitee van die US-Raad. Tans is hy ondervoorsitter van die Adviesraad van Winetech, 'n direkteur van die Dutoit Groep en dien hy ook op 'n hele aantal komitees van verskillende landboubedrywe.

Prof Van Huyssteen is voorsitter van Agribusiness in Sustainable Natural African Plant Products (ASNAPP) Global en ook van ASNAPP South Africa, maatskappye wat spesialiseer in natuurlike plantprodukte wat deur hulpbronarm produsente in agtergeblewe gemeenskappe uit Afrika geproduseer word. Sy spesiale belangstellings sluit in tegnologie-oordrag en innovasie, projekbestuur, veranderingsbestuur, kampering, tuinmaak, en lees.



Prof Leopoldt van Huyssteen het reeds talle toekennings ontvang

# Hersiene Kurrikulum vir Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) het vanjaar 'n hersiene kurrikulum ingestel as deel van hulle doelwit om aan die gesondheidswetenskaplike van môre opleiding te bied wat met die eise van die tyd tred hou. Hierdie multiprofessionele aanslag word in die eerste semester van die eerste jaar volledig gedeel deur MB,ChB- en BSc Fisioterapiestudente. Studente van B Arbeidsterapie en BSc Dieetkunde gaan ook aan sommige van die modules deelneem. Op hierdie wyse probeer die FGW verder gestalte gee aan sy strategie van optimalisering van interdissiplinêre leer en onderrig.

As deel van hierdie hersieningsproses is daar met nuwe oë na bestaande strukture gekyk, veral in die konteks van die uitkomste vir die Stellenbosch gesondheidswetenskaplike (dokter, fisioterapeut, arbeidsterapeut, ens.). Van die besluite wat vroeg in die proses reeds geneem is, is dat dit tot alle studente se voordeel sal wees om aan die begin van hulle kursus in 'n interprofessionele konteks te werk en dat 'n stewige grondslag gevestig kan word om studente vir die res van hul studies voor te berei.

> *"Veranderings is veral daarop gerig om persoonlike en professionele ontwikkeling op 'n interprofessionele grondslag te optimaliseer"*
>
> *– Prof Ben van Heerden*

"Ná etlike jare se harde werk is Fase Een van die hersiene kurrikulum pas geïmplementeer. Die fondasiefase van Fase Een (eerste semester van die eerste jaar) bestaan uit 'n gesamentlike sesmaand-fase vir voorgraadse programme. Veranderings is veral daarop gerig om persoonlike en professionele ontwikkeling op 'n interprofessionele grondslag te optimaliseer," sê prof Ben van Heerden, hoof van die FGW se Sentrum vir Gesondheidswetenskappe-onderrig en koördineerder van die MB,ChB-program.

Die nuwe eerste semester poog eerstens om die natuurwetenskappe meer binne die konteks van die gesondheidswetenskappe aan te bied en tweedens om die nuwe eerstejaars beter voor te berei vir hulle studies en toetrede tot die onderskeie professies.

Om hierdie doelwitte te bereik, is daar oor 'n tydperk van vyf jaar vier nuwe modules ontwikkel waarby 'n wye spektrum van kundiges betrokke was. Die modules behels onder meer:

- Persoonlike en Professionele Ontwikkeling, wat fokus op spesifieke vaardighede soos wetenskaplike skryfvaardighede, tydsbesteding, streshantering en taalvaardighede in Afrikaans, Engels en Xhosa. Met hierdie module wil die Fakulteit studente bewus maak van en voorberei op die omgewing waarin hulle gaan werk.
- Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang, wat biologie, anatomie, histologie, fisiologie en biochemie insluit.
- Chemie vir Gesondheidswetenskappe wat chemie behels wat vir die gesondheidsorgomgewing aangepas is.
- Gesondheid in Konteks wat fokus op wat gesondheid is en hoe gesondheid en siekte gemeet word. Benewens 'n bietjie geskiedenis, sluit dit databestuur, bewysgebaseerde praktyk en epidemiologie in.

Ná die eerste ses maande van die kurrikulum gaan die onderskeie programme se studente met programspesifieke kurrikula voort, maar die FGW kyk aktief na ander moontlikhede vir interdissiplinêre leer en onderrig.

Van Heerden sê die span is besonder trots op die hersiene kurrikulum. Dr Alwyn Louw, voorsitter van Module 1, het in 2006 die fondasiefase by 'n groot internasionale kongres van die *Association for Medical Education* (AMEE) in Europa voorgedra, waar dit heelwat internasionale belangstelling uitgelok het.



# Young mathematician receives SA Royal Society medal

Maths Olympiads at school inspired Prof Florian Breuer to become a mathematician, while various mentors during his student years at Stellenbosch University (SU) and in France firmly cemented his interest in especially number theory.

So says the 31-year-old mathematics professor, who was awarded the prestigious Meiring Naude Medal of the Royal Society of South Africa. The medal celebrates the scientific achievement of a scientist younger than 35 years old.

The Royal Society of South Africa was especially impressed by Prof Breuer's sustained publication record in international scientific journals in mathematics over the past decade, as well as his high level of productivity through presentations both nationally and internationally.

Prof Breuer published his first articles while still an undergraduate student at SU. An article based on his PhD degree, which he received from the University of Denis Diderot in Paris in 2002, was published in the oldest mathematical journal, the *Journal für die reine und angewandte Mathematik.*

He joined the SU Department of Mathematical Sciences in 2004 after postdoctoral work in Germany and Taiwan and became an associate professor in 2007.

"I have more projects than I have time for," says the young mathematician with an interest in Ducci sequences, the André-Oort conjecture, Drinfeld modules, the graphic mathematics-inspired artwork of MC Escher and the ancient oriental board game Go.

He organises the weekly meetings of the SU mathematics society Wiskus and regular workshops in number theory that attract international and local interest.

Number theory is a branch of pure mathematics concerned with the properties of numbers in general, and integers in particular. Since the time of the ancient Greeks this pure science was seen as "more art than science", but applications in coding and cryptology, e.g. in internet security, have recently been found.

– ENGELA DUVENHAGE

# Dié man is werklik ’n meester met hout

Mnr Johnny Lakey (66), ’n skrynwerker wat vir 35 jaar by die Universiteit gewerk het, sit rustig in sy sitkamer in Razietstraat in Cloetesville en gesels oor wat hy nou met al sy vrye tyd gaan doen nadat hy op 31 Maart vir die tweede keer afgetree het.

“Noudat ek afgetree het, help ek my vrou by die huis. Ek is ook lief om voor die kospotte te wees,” sê hy en glimlag ondeund. “Dan hou ek ook van tuinmaak en om uit te ry na die see toe. Dit is so lekker om langs die see te sit met ’n vuurtjie wat langs jou brand en ’n potjie kos op die vuur. Ek is lief vir die buitelug.”

Dit was nie te lank gelede dat daar net te min tyd vir tuinmaak en potjiekos was nie. As ’n skrynwerker in die Afdeling Instandhouding en Bedryf het mnr Lakey dag na dag Universiteitsmeubels gerestoureer. Ses jaar gelede het hy afgetree, maar is weer deur die Afdeling genader om uit te help. Mnr Lakey het ingestem en vir nog ’n jaar en ’n half teruggekeer.

Alhoewel dit harde werk is om meubels reg te maak, sê mnr Lakey dat sy werk meer soos ’n stokperdjie was. “Ek maak die meeste van my meubels self,” sê hy en wys met trots na ’n koffietafel wat in die sitkamer staan.

As 17-jarige het hy as ’n handlanger by die meubelwinkel Schroeder en Broers by Du Toitstasie aangesluit. Hier het hy eers die werkswinkel skoongemaak, maar, sê hy, “mnr Schroeder het vir my gesê ek moet die ambagsmanne uithelp sodat ek ook kon leer”.



Mnr Johnny Lakey verkeer nou rustig by die huis *(Anton Jordaan, SSFD)*

Die meubelwinkel is jare later deur die Universiteit oorgekoop en in ’n werkswinkel omskep waar al die instansie se meubels, veral kaste, gemaak, reggemaak en gerestoureer is. “Ek het ’n verskeidenheid houtwerk gedoen, soos byvoorbeeld stoele in die koshuise reggemaak, en lessenaars gerestoureer.”

Hy vertel van die tannie wat ’n koffietafel by die Afdeling afgelaai het, wat letterlik gelyk het of dit op sy laaste pote staan. Mnr Lakey het eers seker gemaak dat die pote stabiel was, die hele tafel opgelym en afgeskuur en uiteindelik gespuitverf.

“Toe sy terugkeer, vra sy vir my: Waar is my koffietafel? Ek wys toe vir haar en sê daar staan hy. En sy sê vir my, nee, dit is nie my tafel nie. Toe sê ek vir haar, ja, dit is jou koffietafel. Sy kon nie glo dit was haar tafel nie!” sê hy met ’n skaterlag.

“Ek glo daaraan dat as ’n mens iets doen, moet jy trots wees op die eindproduk. Voor jy met enige werk begin, moet jy seker maak dat jy goed voorbereid is, want as jy nie goed voorbereid is nie, sal jy nie ’n goeie resultaat hê nie. Ek sê ook altyd, jy gaan nie iets koop wat nie 100% goed lyk nie, so hoekom wil jy iets wat swak is aan iemand anders verkoop?”

Dié wat al met mnr Lakey te doen gehad het, het net goeie dinge te sê. Me Esther Groenewald, kantoorbestuurder by die US se Regshulpkliniek, besing sy lof.

“Dié man is ’n meester met hout. Omdat die Regshulpkliniek nie ’n eie begroting het nie, moes ek altyd vir ons ou, afgeskryfde meubelstukke gaan uitkies en dan het hy dit vir ons reggemaak – tot perfeksie! Niks was ooit vir hom moeite of te moeilik nie,” sê me Groenewald.

In ’n brief aan mnr John Villet, Assistent-direkteur: Instandhouding, in Desember 2007 het dr Anita Burger, senior navorser by SunBio, die volgende oor mnr Lakey geskryf:

“Ek wil graag namens ons groep vir mnr Johnny Lakey van harte bedank vir die manier waarop hy twee tafels wat dringend aandag nodig gehad het, hanteer het. Ek was bewus van hoe vol die program by die werkswinkel is en het daarom aangebied om self met die skoonmaak van die tafels te kom help. Maar Johnny het ondanks hierdie druk program tyd ingeruim om ons te help en verlede Vrydag was albei tafels klaar gelym, die een afgeskuur, die ander het ’n nuwe blad gekry, en is daarna afgewerk en gevernis. Albei tafels is 100% reggemaak and lyk fantasties. Johnny het geen kortpaaie gevat nie – ’n bewys van sy ervaring, talent, verantwoordelikheid en trots in sy werk. Dit was vir my ’n voorreg om hom te ontmoet en saam met hom te werk. Sy vakmanskap en diens is goud werd.”



Daar is tydens die migrasie seminaar ook besprekings oor die 16 IRD-befondse migrasie projekte gevoer. Hier is prof Simon Bekker (tweede van links in die agterste ry) saam met verskeie rolspelers van regoor die wêreld wat aan die gespreksgeleentheid deelgeneem het. In die agterste ry van links is Ibrahim Awad, prof Bekker, Jacques Veron, Emmanuel Ma Mung en N’Guessan Koffi. In die voorste ry is André Quesnel, Hervé Domenach, Geneviève Cortes en Bachir Hamdouch *(Hennie Rudman, SSFD)*

# Migrasie ’n internasionale verskynsel

**Migrasie is nie ’n nuwe verskynsel nie. Internasionaal migreer mense al vir jare vanaf landelike gebiede na stede in hul eie lande of tussen verskillende lande. In ’n land soos Suid-Afrika is internasionale migrasie, veral van persone uit die res van Afrika na Suid-Afrika, wel ’n nuwe verskynsel. *Kampusnuus* het by prof Simon Bekker van die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie gaan kers opsteek om meer oor migrasie na en van Suid-Afrika te leer.**

“In Suid-Afrika, as gevolg van die jare van isolasie, word internasionale migrasie as iets nuuts ervaar. Internasionale migrasie is egter ’n globale verskynsel en noudat ons skielik weer deel geword het van die internasionale toneel, ervaar ons dit as iets nuuts,” verduidelik prof Bekker.

Om hierdie rede, sê hy, ontstaan daar konfliksituasies tussen internasionale migrante en die land se burgers. “Van die kritiek wat ’n mens hoor is dat migrante langer ure werk en vir minder sal werk en sodoende skep hulle die indruk dat hulle werk uit die hande van Suid-Afrikaners neem.”

Migrante wat na Suid-Afrika kom skep meestal self werk en ding dus nie noodwendig met Suid-Afrikaners mee vir werk nie.

“Suid-Afrikaanse kleinhandelaars hou ook nie noodwendig van die groeiende mededinging nie. Dan is daar ook die vrees vir dit wat onbekend is en die vreemde tale wat die migrante praat wat verdere vervreemding veroorsaak. Daar is dan ook die realiteit dat sommige migrante wat na Suid-Afrika toe kom, by misdaad betrokke raak,” sê hy.

Daar is verskeie redes waarom migrante Suid-Afrika toe kom. Party migrante verlaat hulle lande weens finansiële toestande in die land, ander vlug weer Suid-Afrika toe om van rampe soos vloede en droogtes en oorloë of onrus te ontsnap.

Die soort migrasie waarmee Suid-Afrikaners wel baie te doen gehad het oor die jare is migrasie vanaf landelike gebiede na die stede om werk te bekom. “Die migrante wat ons geken het, was mynwerkers. Van hulle het ook van Zimbabwe en Malawi gekom,” sê hy.

Mnr Marius Tredoux, ’n navorsings- en administratiewe assistent wat saam met prof Bekker werk, verduidelik verder. Volgens hom kan die effek van interne migrasie duidelik in die Wes-Kaap gesien word. Informele nedersettings soos in Khayelitsha, Langa en Nyanga het tot stand gekom as gevolg van migrante wat gedurende en veral ná die apartheidsjare van landelike gebiede (meestal van ander provinsies) na die stad toe beweeg het om werk te bekom. Oor die jare het hierdie nedersettings baie gegroei.

“Daar is vandag veel meer nedersettings in die Wes-Kaap as voorheen,” sê hy. “Dit is as gevolg van verstedeliking en die feit dat nie almal wat werk in die Wes-Kaap kom soek formele behuising kan bekostig nie.”

In landelike gebiede is werkloosheid veel hoër as in die stede, en die stede bied ook beter toegang tot regeringsondersteuning soos kinder- en maatskaplike subsidies en pensioene.

In 1994, toe Suid-Afrika weer die internasionale arena betree het, het al hoe meer Engelssprekende Afrikamigrante na dié land toe begin beweeg. Alhoewel migrante wat Frans praat ook Suid-Afrika toe kom, sê prof Bekker, is dit duidelik uit ’n onlangse internasionale seminaar oor migrasie dat Franssprekende migrante verkies om na lande soos Marokko te gaan. Dus speel taal ook ’n rol in migrasie.

“Migrante wat in Marokko beland, is gewoonlik in transito,” sê hy. Marokko is ’n plek om te werk en geld te maak voordat hulle aanbeweeg na Europese lande. “Suid-Afrika is weer soos ’n klein Europa. Dit is ’n plek waarheen baie kom om te bly,” sê hy.

Die seminaar waarna prof Bekker verwys, *International Migration, Territorial Recomposition and Development,* is onlangs in die Wallenberg Navorsingsentrum van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) gehou. Dit is gesamentlik deur die Universiteit Stellenbosch (US) en die Institut de Recherche pour le Développement (IRD), ’n Franse navorsingsinstituut, gereël. Verskeie akademici en staatsamptenare van Frankryk, Suid-Afrika, Ghana, Marokko en ander Afrikalande het dit bygewoon.

Van die onderwerpe wat tydens die twee dae bespreek is, sluit in internasionale migrasie en gebiedsamestelling in Wes-Afrika en in die Sahara.

Die seminaar was ook ’n geleentheid vir akademici en navorsers uit Afrika om verslag te doen aan die IRD oor die vordering van 16 IRD-befondsde projekte, gefokus op migrasie, waaraan hulle werk. Metodologiese navorsingskwessies sowel as tegniese metodologie en probleme wat navorsers op die terrein ervaar, is ook gedurende die twee dae bespreek.

# Achievements of people with disabilities celebrated on Human Rights Day


On 17 March, in celebration of Human Rights Day, the Office for Students with Special Learning Needs (Disabilities) (OSSLN), hosted a talk on matters relating to students with disabilities. The theme for Human Rights Day was the celebration of the accomplishments of persons with disabilities. The message brought across was that all people have the ability to achieve their dreams, even though there are obstacles to overcome.

The guest speaker was Hilton Keith Langenhoven, a professional athlete with a visual impairment, who inspired guests with his life story and enthused about how he developed a passion for sport. Hilton, who comes from a sport-orientated family, matriculated at the Athlone School for the Blind in Bellville. Here, he developed a love for athletics.

“He was also one of the many athletes with disabilities who participated in the recent Nedbank National Championships for the Physically Disabled at Coetzenburg in April. Hilton was one of a few promising athletes who qualified for the Elite SA training squad for the Paralympic Games in Beijing in August 2008. To qualify for the Games he claimed the top spot on the podium in the 100- and 200-meter sprints, and received a gold medal,” said Mrs Marcia Lyner-Cleophas, Head of OSSLN.

“Here at the Centre for Student Counselling and Development (CSCD) we do everything in our power to develop students holistically. Although Hilton is not a student at Stellenbosch University, he is a good example of what can be accomplished if one stays focused and perseveres when faced with challenges or trying times,” she said.

* To assist students with disabilities further, the OSSLN invites anyone who wants to become involved in a volunteer project at the CSCD-OSSLN to contact the communications officer Melanie Willems at 021 808 3675 or mwillems@sun.ac.za




CSCD-OSSLN held a Human Rights Day event at their offices on 17 March to celebrate the achievements of people living with disabilities. From left are Ms Marcia Lyner-Cleophas (Head: OSSLN), Mr Jonathan Ntutu (practice partner and mentor to Hilton), Ms Melanie Willems (Communications Officer: OSSLN) and Mr Hilton Langenhoven (guest speaker at the event) *(Anton Jordaan, SSFD)*




RNA team leaders Prof Kathy Myburgh (middle) and Prof Faadiel Essop with Ms Ndivhuwo Luruli (left) of the National Research Foundation *(Engela Duvenage)*

# University now boasts five RNAs

Stellenbosch University now boasts a handful of Research Niche Areas (RNAs) after a new niche area in Integrative Skeletal Biology was allocated to the Department of Physiological Sciences.

This is the fifth RNA to be awarded to the SU in the past few years, as part of the Institutional Research Development Programme (IRDP) of the National Research Foundation.

The IRDP initiative aims to produce internationally competitive, innovative and world-class research niche areas with the potential to develop into centres of excellence within a given space of time.

There are currently 93 RNAs across 20 South African higher education institutions. The other four SU RNAs focus on macromolecular polymer engineering, wine science research and training, cardiovascular degeneration, and languages and culture within multicultural developing societies.

The SU Integrative Skeletal Muscle Biology RNA will focus on understanding how muscles become maladapted, and how they heal.

Skeletal muscle is endowed with special satellite cells that behave similarly to stem cells when activated to participate in healing. Skeletal muscle is the largest organ in the mammalian body. If functionally impaired by aspects such as injury and stress, it can severely affect a person's quality of life.

For example, hypoxia of the skeletal muscles can occur during extreme exercise, exercise at altitude or as a result of peripheral vascular disease.

"Muscle tissue can adapt to these conditions although the adaptation is less well understood than the adaptation to regular exercise," explains RNA team leader Prof Kathy Myburgh.

Muscle impact injury is often caused by road accidents or through sports injury, e.g. in rugby and other contact sports.

HIV/Aids, tuberculosis, obesity, diabetes and psychological stress can cause muscle wasting, a condition known to physiologists as muscle atrophy. However, the molecular mechanisms and ability to recover may not be similar in each situation.

Prof Myburgh, together with SU academics Prof Faadiel Essop, Dr Rob Smith, Dr Anna-Mart Engelbrecht and Dr Carine Smith of the Department of Physiological Sciences, will explore these concepts using their existing expertise at the whole-body, tissue, cellular and molecular levels.

"We need a better integrative understanding to target potential therapies in the future. This work may lead to the identification of novel cellular factors that may be applied as therapeutic targets," Prof Essop hopes.

The integrative, multi-level research already attracts postgraduate students from diverse backgrounds interested in human biology and biotechnology, and it is expected that more students will be recruited from the very popular BSc programme in Human Life Sciences or the BSc in Sport Science.

"We aim to deliver students with modern biotechnology skills and an integrated understanding of how molecular events affect human function," says Prof Myburgh. "They will be poised to enter academia or industry focussing on for example clinical trials, health-related product development and the support industries for biological sciences."

– ENGELA DUVENHAGE

# Prof Raubenheimer bou chemienavorsing uit

**Die waardevolle navorsingswerk van prof Helgard Raubenheimer ter uitbreiding van die Suid-Afrikaanse brandstof-uit-steenkool bedryf en die gebruik van goud in veral kankerwerende medisyne, het nie net oor die jare bygedra tot die uitbou van chemienavorsing in die land nie, maar ook aan die US. ENGELA DUVENAGE het met prof Raubenheimer gesels om meer oor sy werk te leer.**

Prof Raubenheimer, die dinamiese voorsitter van die Universiteit se Departement Chemie en Polimeerwetenskap, en professor in anorganiese chemie, is 'n internasionaal erkende navorser en akademiese leier.



Prof Helgard Raubenheimer

Daarby geniet hy ook die hoë aansien van belangrikste rolspelers in die Suid-Afrikaanse industrie, wat sy leierskap binne chemie as vakgebied hoog aanskryf en ondersteun deur die wesenlike finansiering van navorsingsprojekte.

Buiten 'n kort loopbaan as navorser by 'n tabakmaatskappy, het prof Raubenheimer sy lewe aan die akademie en spesifiek aan anorganiese chemie gewy. Hy word as een van Suid-Afrika se voorste goud- en organometaalchemici gereken.

Sy navorsingswerk oor veral goudkomplekse en homogene katalise fokus veral op die gebruik van sogenaamde karbeenkomplekse as boublokke om nuwe verbindings te maak, asook die ontwikkeling van goudchemie in die algemeen. Verskeie nuwe klasse verbindings van titaan en chroom is ook in internasionale vaktydskrifte gerapporteer. Toepassings word in die petroleumbedryf, polimeerbereidings, nuwe soorte oplosmiddels en medisinale chemie gevind.

Deur die loop van sy navorsing was hy by industriële kwessies soos die vernietiging van sianied in mynhope, metaaldeaktivering in petrol en oplosmiddeltegnologie betrokke, en word sy navorsingswerk goed deur industriële vennote soos Sasol, Mintek en Harmony Gold ondersteun.

Dié chemikus, wat graag op sy fiets van sy vakverpligtinge ontsnap, het in 1966 lektor in Chemie aan die US geword. In 1970 het hy as senior lektor by die destydse Randse Afrikaanse Universiteit aangesluit, waar hy in 1983 hoof van die departement geword het. Hy het in 1998 teruggekeer na sy alma mater as professor in anorganiese chemie, waarna hy ook die departementele voorsitterstoel ingeneem het.

Oor die jare heen is sy navorsingswerk deur verskeie buitelandse sabbatsverlofgeleenthede in Europa verryk, waaronder tydperke by die Technische Universität München saam met Nobelpryswenner prof Ernst Otto Fischer, en aan die Eidgenössische Technische Hochschule in Zürich.

Volgens prof Raubenheimer is goeie en gemotiveerde studente vir hom die grootste sleutel tot sukses. Hy was reeds die studieleier vir 42 meesters- en doktorale kandidate wat op hulle beurt die Suid-Afrikaanse industrie versterk het.

Deur sy loopbaan heen het hy gereeld as genooide spreker by konferensies opgetree, en het hy onder meer die Victor Pretorius- en PD Hahn-gedenklesings, onderskeidelik by die universiteite van Pretoria en Kaapstad, aangebied.

Prof Raubenheimer se werk het ook onlangs vir hom die Havengaprys vir Chemie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns besorg. Die Havengaprys, 'n jaarlikse prestigeprys, gee erkenning aan sy oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en tegniese gebied. Hy is ook voorheen vereer met die Goue Medalje van die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut (2002), terwyl hy ook in 2003 'n genoot van die gerekende Royal Society van Suid-Afrika geword het. Hy het in dieselfde jaar ook die Rektorstoekenning van die US vir sy voortreflike navorsing ontvang.

# Amanda Gouws se boek vir tema-besprekingsforum gekies

**Prof Amanda Gouws, hoof van die Universiteit Stellenbosch (US) se Departement Politieke Wetenskap, het onlangs 'n besondere eer te beurt geval deurdat haar nuutste boek, *(Un)Thinking Citizenship: Feminist Debates in Contemporary South Africa* (Juta, 2005), deur Constitutional Hill as onderwerp vir 'n maandelikse tema-besprekingsforum gekies is.**

Constitutional Hill in Johannesburg is die setel van Suid-Afrika se Grondwetlike Hof en prof Gouws se boek is vir hul besprekingstema vir Februarie, naamlik *Burgerskap*, gekies.

Prof Gouws, tesame met drie van die medeskrywers, prof Shireen Hassim (van die Departement Politieke Wetenskap aan die Universiteit van die Witwatersrand (Wits)), dr Beth Goldblatt (van die Sentrum vir Toegepaste Regstudies by Wits) en dr Louise du Toit (van die Departement Filosofie aan die Universiteit van Johannesburg), is genooi om aan 'n bespreking deel te neem waar hulle oor hul onderskeie bydraes tot die boek uitgebrei het.

"Die tema vir Februarie was 'Burgerskap' en ons het dié kwessie vanuit 'n feministiese oogpunt bespreek. Van die kwessies wat aangeraak is, was of burgerskap vir vroue enigsins sedert die publikasie van dié boek (in 2005) wel verander het. Ek dink nie dit het verander nie. Gesien in 'n post-Polokwane situasie is die burgerskap van Suid-Afrikaanse vroue in 'n groot mate ondermyn," sê prof Gouws.

"Die ANC-presidentskap (en moontlike SA-presidentskap) van Jacob Zuma is problematies weens die geskiedenis rondom sy verkragtinghofsaak en ook die feit dat hy in 'n groot mate 'n tradisionalis is. Dit alles kan dalk tot gevolg hê dat die stand van burgerskap van vroue in Suid-Afrika 'n ernstige knou kan kry."

Prof Hassim het die kwessie van burgerskap en nasionalisme in die oorgang van demokrasie-wording tot die hede bespreek en die vraag gestel hoe vrouens se burgerskap nou gekonstrueer word.

Dr Goldblatt het die kwessie van kindersorg bespreek: "In die Grondwet van Suid-Afrika is daar nie voorsiening gemaak vir die reg van werkende vroue tot kindersorg nie. Dít laat 'n leemte in die gelykheid van vroue."

Van die ander besprekingspunte was dr Du Toit se onderwerp 'verkragting gesien as 'n vorm van psigiese marteling' en hoe dit vroue se innerlike wese vernietig.

Prof Gouws sê daar is baie dele van die boek wat op die 'gewone vrou' betrekking sal hê en dat kwessies soos MIV/vigs, plaaslike regering, moederskap, lesbiese verhoudings, die reg tot kindersorg en verkragtings in die boek bespreek word.



Prof Amanda Gouws se boek, *(Un) Thinking Citizenship: Feminist Debates in Contemporary South Africa*, wat deur Juta in 2005 uitgereik is, is onlangs deur Constitutional Hill gekies as onderwerp vir 'n maandelikse tema-besprekingsforum *(Hennie Rudman, SSFD)*

"Daar bestaan baie literatuur oor al dié onderwerpe, maar dit is die eerste keer dat teorieë op die Suid-Afrikaanse samelewing toegepas word. Gewoonlik word Westerse teorieë gebruik, maar dié boek ontwikkel inheemse teorieë. In Suid-Afrika is daar min feministiese literatuur, maar dit is besig om uit te brei en dié boek lewer 'n bydrae daartoe."

Volgens prof Gouws het die boek baie positiewe resensies gekry en is dit deel van die voorgeskrewe literatuur vir die Genderstudies-kursusse aan Suid-Afrikaanse universiteite.

"Dit is ook deel van die voorgeskrewe literatuur aan 'n paar Amerikaanse universiteite vir hul Genderstudies-kursusse en só word Amerikaanse studente in Genderstudies aan 'n Afrika-oogpunt blootgestel."

– LIEZL SCHOLTZ

# Institutional debate changing face of community interaction

*(from page 1)*

Framework and Vision 2012 in his opening address. He also sketched his view of the relationship between the Millenium Development Goals, the Pedagogy of Hope and community interaction at SU.

"Community interaction does not happen in a vacuum at Stellenbosch University. There is a national context in which it takes place and this is what the Vice-Rector: Teaching, Prof Magda Fourie, shared with participants at the event".

Dr Lazarus, who was a guest speaker at the Symposium, provided an independent analysis and interpretation of faculty and divisional positions on community interaction based on the reports he received from the first round of internal discussions in these environments. While Dr Lazarus believes that the number and extent of community interaction activities at faculty level at the University is impressive and significant, he is concerned that while many of the activities redress past injustices their impact on self-renewal appeared to be limited to those involved in the activities with limited impact on the self-renewal of the University itself. Another issue of concern was the lack of cohesion between the SU Community Interaction Policy and community interaction activities within faculties.

" The Policy appears to have the necessary ingredients for a clear conceptual framework. What seems to be missing is an elaboration and application of some of the concepts contained in the policy," said Dr Lazarus.

The recommendations formulated at the end of the Symposium will be considered for incorporation into the Community Interaction Policy in order to refine and improve the current policy. "The Community Interaction Committee of the Senate will consider all the recommendations and conduct a policy revision process in an iterative process with faculties and divisions," he said. "The institutional debate will still continue throughout this process."

Some main issues that will be addressed during the revision process include a clear typology of community interaction, an inclusive, but clear definition of "community" and appropriate and effective mechanisms to evaluate and monitor community interaction initiatives at the university.

The CI division hopes to complete the policy revision process by the end of 2008.

Following the Symposium, Prof Smith expressed his appreciation for the impressive and dynamic participation of all role-players at the event. "Good progress has been made in a relatively short time in emphasising and recognising the importance of community interaction as one of the core functions of the University. The Symposium represented an important milestone in the refinement of the policy and the implementation thereof through rigorous debate and broad participation."

# Aanpassing van kilometer- en dagtariewe

Hier volg 'n uiteensetting van die nuwe tariewe (rand/km) wat vanaf 1 April 2008 van toepassing is:

**1. PRIVAAT VOERTUIE vir amptelike gebruik**

Ingevolge die belastingwet word 'n werknemer wat nie 'n maandelikse vervoer-/reistoelaag ontvang toegelaat om hoogstens R2.92 per km, tot 'n maksimum van 8 000 km per jaar, belastingvry te eis.

Eise wat meer as R2.92 per km beloop bring mee dat die totale eis belasbaar word en nie net die gedeelte bo R2.92 per km nie. Eise van werknemers wat 'n vervoer-/reistoelaag ontvang, insluitend die wat minder as R2.92 per km beloop, is ten volle belasbaar. In die lig hiervan sal dit in die meeste gevalle nie raadsaam wees om meer as R2.92 per km te eis nie.

| Enjinvolume | Sedan/ Stasiewa | Bakkie | 4x4 Bakkie | Bussie(MPV) | Motorfiets |
|---|---|---|---|---|---|
| 250-1250 | 1.80 | 1.91 | | 2.57 | 1.20 |
| 1200-1550 | 2.00 | 1.94 | | 2.57 | 1.20 |
| 1551-1750 | 2.26 | 1.97 | | 3.48 | |
| 1751-1950 | 2.63 | 2.31 | | 3.48 | |
| 1951-2150 | 2.92 | 2.61 | 3.45 | 3.68 | |
| 2151-2500 | 3.48 | 2.94 | 3.45 | 3.78 | |
| 2501-3500 | 3.92 | 3.25 | 3.83 | 5.03 | |

**2. VOERTUIGPOEL vir amptelike gebruik**

***EVP213P: Voertuigbesprekings :*** *Marieta van Wyk, tel. 021-808 4611 of Khanita Rhode, tel.021-808 4618*

- Halfdag (<5 uur) en volle dag ( >5 uur)
- Die minimum tarief vir tipes 22, 67, 75, 76 word verhoog na R100 per halfdag of 'n gedeelte daarvan en R160 vir 'n

| Motors * = Lugversorging ^ = Kragstuur | | | Bakkies | | | Bussies * = Lugversorging ^ = Kragstuur | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Enjinvolume** | **Tipe** | **R/km** | **Enjinvolume** | **Tipe** | **R/km** | **Enjinvolume** | **Tipe** | **R/km** |
| 1000 | 22 | 1.80 | 1300 | 67 | 1.90 | *^1.5 Avanza (7) | 51 | 2.30* |
| 1300 | 75 | 1.95 | 2000 | 69 | 2.50 | 1.8 Condor p/wa (3) ^1.6 Caddy p/Wa(3) | 64 | 2.50 |
| *^1400 | 76 | 2.15 | 2400 Diesel | 58 | 2.95 | 2.2 Hiace (11) | 54 | 3.15 |
| *^1600 | 78 | 2.35 | 25004X4 Diesel | 59 | 3.45 | 2.2 Hiace P/Wa (3) | 65 | 3.15 |
| *^1400(Auto) | 77 | 2.35 | | | | Sleepwa R100 per dag | | |

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

## TE KOOP / FOR SALE

**Computer for sale:** Packard Bell Intel Pentium 4 Processor 4.2 GHz. 256 Ram. Price: R3 500 neg. Contact Marietjie Merifield at 082 443 1571 or 021 686 7254

**D/huis - Kuilsrivier (Amandelrug):** Mod 2 slpk, 1 vol bdk, oopplan mod komb/ leefarea, motorhuis & onderdak parkering, "rock pool" met fontein, o/dak braai-area, alarm, diefwering, boorgat, hoekerf, stil singel, 1 km vanaf winkelsentrum en 20 km vanaf Stb. Privaat verkoop R730 000. Kontak Mariana by mpv@sun.ac.za of 072 229 0534

**Planet Fitness:** Durbanville lidmaatskap beskikbaar – 30 maande @ R120 per maand. Onmiddelik beskikbaar. Kontak 083 630 9645

**Soccer table for sale:** Semi-pro; 1220 x 610; very sturdy; as new; Pine veneer finish; excellent condition; R599. Contact 073 421 4010

**Te koop:** Sybokhaar artikels, Autodek stereostel, banke, stoele ens. Skakel 021 887 5919 of 021 886 6572

**Toyota Corolla 160i GLS 2002:** Silwer, 77 700km, RXi allooiwiele en trim, ABS, lugsak. Volle diensgeskiedenis by Toyota. Prys: R90 000. Kontak Coenraad by 082 898 7835

**For Sale:** 4-man canvas tent (2.6 x 2.1 x 2 m). R850. In excellent condition. Contact Anita at 084 580 5024




## TE HUUR / TO LET

**Stellenbosch campus:** Furnished 3-bedroom house for visiting academics Available from June onwards. To view or more info contact Ms de Kock on 082 439 8808

## VERBLYF / ACCOMMODATION

**Accommodation in Somerset West**: For parents plus student. New self-catering unit for two plus one person over 15 years. Two adults, R400 per day plus R50 for an additional family member. Contact 0837542493 or e-mail gudrunholidays@gmail.com

**Verblyf Stellenbosch:** Selfsorgakkommodasie in Jonkershoekweg. Maksimum 3 persone, R100 p/p/per dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self of besoek www.121jonkershoekroad.co.za

**Weskus akkommodasie:** Vakansieakkomodasie beskikbaar by Club Mykonos. 6-slaapeenheid. 13-16 Junie 2008. R3500. Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za




## SAAMRYKLUBS / LIFT CLUBS

**Southern Suburbs – Stellenbosch**: Lift urgently needed Mon to Thurs from Southern Suburbs to Stellenbosch. Please contact L Rademeyer at 021 887 3113 (office hours), on 021-797 9649 after hours or email lr2@sun.ac.za. Will make a contribution towards petrol expenses

**Eerste River – Stellenbosch:** Lift club available. Looking for more members to join, preferably 1 with own car. Working hours are from 08h00 – 16h30, Mondays to Thursdays. 08h00 – 15h30 on Fridays. If interested please contact Yolanda Johnson on 083 896 4456 / 021 808 4530 or email yjohnson@sun.ac.za

**Bergvliet/Plumstead – Stellenbosch:** Third person needed to join existing daily lift club. Preferably with own vehicle to share driving. Please contact Mégan Burgoyne at meganb@sun.ac.za or 021 808 3717

**Strand – Stellenbosch:** Plek vir 3 persone om om beurt te ry (een week per maand), vanaf Strand-Suid. Werksure 07:30 – 16:00 (aanpasbaar 08:00 tot 16:30). Skakel Alta: 021 882 9923 (w), 021 854 5699 (h)

**Kenridge/Brackenfell – Stellenbosch:** Daagliks. Werksure: 07:30 – 16:00. Kontak Nicki by 082 341 0308

**Kuilsriver (Mabille Park) – Stellenbosch:** Saamrygeleentheid gesoek vir my seun (BRek student), Maandag tot Vrydag tussen 08:00 en 14:00. Kontak asseblief Shantall Renecke op 021 938 9035. Petrolbydrae sal ook gemaak word

**Bellville – Stellenbosch:** Persone gesoek vir 2 verskillende saamryklubs tussen Bellville en Stellenbosch, een vir voldag- en die ander vir halfdagwerk. Vir meer inligting kan belangstellendes 083 461 7525 vir halfdag en 083 627 1480 vir voldag skakel

**Strand – Stellenbosch:** Het eie motor, wil inskakel by 'n ryklub. Maandag - Vrydag, 8:00 tot 12:45. Kontak Andrew Burger by 021 808 2507 of 082 740 1688

*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Donderdag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die voorafgaande Donderdag. Advertensies: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Thursday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the preceding Thursday. Advertisements: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 or chenry@sun.ac.za

# Wêreld Koorspele wink vir Matie-koor

Die Stellenbosch Universiteitskoor, onder leiding van mnr André van der Merwe, is gekeur om in Julie vanjaar aan die grootse kompetisie in die geskiedenis van koormusiek deel te neem.

Die Matie-koor gaan as verteenwoordigers van Suid-Afrika in die vyfde *Wêreld Koorspele* in Graz, Oostenryk, meeding. Meer as 400 kore van 90 nasies is geregistreer om aan hierdie unieke fees van verskillende kulture deel te neem. Kore gaan hulle vaardighede voor 'n paneel van 75 internasionale beoordelaars in meer as 500 optredes in 28 kategorieë ten toon stel. Die kompetisie word in twee dele aangebied. Mnr Van der Merwe is ook genooi om in die tweede deel van die kompetisie as beoordelaar op te tree.

Die burgemeester van Graz, Siegfried Nagl, het in 'n onlangse perskonferensie genoem dat Graz in 2003 as die kulturele hoofstad van Europa aangewys is.

"Destyds het ons interpretasie van die term kultuur 'n wye en kleurvolle spektrum gedek. Ons het hierdie kultuurgees lewendig gehou. Die feit dat ons die vyfde *Wêreld Koorspele* in Julie 2008 aanbied, is bewys van hierdie blywende gees."


Die vorige *Wêreld Koorspele* is in Oostenryk (2000), Korea (2002), Duitsland (2004) en China (2006) aangebied. By die *Koorspele* in Bremen in 2004 is die Matie-koor as Olimpiese kampioene in die kategorie vir jeugkore bekroon.

Deelname aan vanjaar se *Koorspele* is veral opwindend: Die Matie-koor het – spesiaal vir die kompetisie in Graz – 'n opdragwerk van die gevierde Kaapse komponis, Hendrik Hofmeyr, aangevra. Hofmeyr se innoverende toonsetting van William Blake se *Night V* uit *The Four Zoas – The Birth of Orc* beloof om 'n opwindende klankervaring te wees.

Die res van die kompetisie-repertorium bestaan uit interessante werke van hedendaagse internasionale komponiste, en ook nuwe verwerkings van bekende *spirituals.* Die koor neem vanjaar in 'n verskeidenheid kategorieë deel, onder andere *Musica Sacra, Jeugkore* en *Gospel & Spiritual.*

"Lede van die publiek word genooi om konserte by te woon waar die koor spesiaal hulle kompetisie-repertorium gaan uitvoer voor hulle oorsee vertrek," het mnr Van der Merwe gesê.

Studente kan 'n voorsmakie van die repertorium kry by 'n etensuurkonsert in die Endler op Donderdag 8 Mei om 13:10. Die koor gee ook twee volledige konserte: in die Hugo Lambrechts Ouditorium, Parow, op Sondag 11 Mei om 16:30, en weer in die Endler, Stellenbosch, op Saterdag 17 Mei om 20:00. Bespreek jou plek by Lydia Meier op 082 468 0652.





## 7de Laan se Ryno en Paula in HB Thom

Dirk le Waal (Chris Vorster) en Lindie Lief (Diaan Lawrenson) (foto) is tipiese Afrikaanse sangers: Dirk se ego maak beloftes wat sy talent nie kan nakom nie en Lindie kan nie haar pad uit 'n skoendoos sing nie.

In hierdie satiriese operette luister ons skelmpies deur die kleedkamervenster na 'n versie uit die Afrikaanse musiekbedryf...en lieg sommer 'n refrein by vir dramatiese effek.

Kom beleef hierdie skouspel met pompende ritmes, tergende lirieke, blink kostuums en vreemde karakters. 7de Laan se Ryno en Paula soos nog nooit vantevore nie!

Musiek is deur Louis van Rensburg en choreografie deur Willie Venter. *Dirk en Lindie* is te sien op 23 Mei by die HB Thom Teater in Stellenbosch. Besprekings by Computicket.

## Amy Schoeman stal in Sasol Kunsmuseum uit

'n Retrospektiewe uitstalling van foto's deur die Namibiese, bekroonde fotograaf Amy Schoeman, is van 23 April tot 31 Mei 2008 in die Sasol Kunsmuseum te sien.

Schoeman, wat vandag as een van die beste Namibiese fotograwe beskou word, is in Engeland gebore en het haar opleiding in Namibië en Suid-Afrika ontvang. Haar BCom-graad (Regte) het sy aan die Universiteit Stellenbosch (US) verwerf. Sy het haar beroep as 'n professionele fotograaf in 1977 as joernalis/fotograaf vir die destydse Departement van Natuurbewaring en Toerisme by die Suidwes Administrasie begin. Sy het in omgewingsfotografie gespesialiseer, waarin sy die grafiese, teksturele en abstrakte eienskappe van die woestynlandskap beklemtoon het. Sy het tans twee stipendia van die PPSA (Professional Photographers of Southern Africa) – een in Omgewings- en die ander in Kunsfotografie.

Die huidige uitstalling is 'n oorsig van werk wat sy oor 25 jaar gedoen het en word in 12 portefeuljes aangebied.

Die uitstalling gaan van Stellenbosch terug na Windhoek waar dit van September tot Oktober tydens die 2008 Bank Windhoek Kunstefees in die National Art Gallery of Namibia vertoon sal word.

Vir navrae, skakel Lydia de Waal by 021 808 3690.

## *Hamlet* in HB Thom te sien

Die bekende regisseur en akteur Ralph Lawson behartig die regie van Shakespeare se *Hamlet* vir die Universiteit Stellenbosch se Drama Departement. Lawson is 'n bekende in Suid-Afrikaanse teaterkringe en het al verskeie toekennings vir sy werk ontvang, wat hom al so ver as Hongkong, Oostenryk, Finland en Noorweë geneem het. Volgens Lawson word daar met dié produksie gekonsentreer op die vertelling van Shakespeare se oorspronklike storie, sodat dit toeganklik is vir leerders wat dit as 'n voorgeskrewe werk het.

Daar word ook van multimedia-effekte gebruik gemaak asook ander tegniese verassings wat gehore op die punte van hul stoele sal hou.

*Hamlet* is op die volgende datums in die HB Thom Teater in Stellenbosch te sien:
3 en 10 Mei om 11:00 en 19:30
2, 6 en 8 Mei om 19:30
5, 7 en 9 Mei om 15:00

Kaartjies kos R35 vir volwassenes en R25 vir studente en leerders, met spesiale afslag vir blokbesprekings. Vir navrae of besprekings skakel mnr Mervyn Williams by 082 575 4563.

## Uitstalling van skilderye deur verskeie kunstenaars

*Kontemporêre Kaapse Kunstenaars* is 'n uitstalling van skilderye deur 'n verskeidenheid kunstenaars wat ten spyte van hul omstandighede dit reggekry het om werke van hoë gehalte te produseer. Die uitstalling is van 8 tot 30 April by die US Kunsgalery te sien.

Die kunstenaars betrokke by die uitstalling het moeilike tye beleef om as kunstenaars voort te bestaan, en het baie opofferings gemaak om uiteindelik kuns as voltydse beroepe te beoefen. Hulle is almal afkomstig van benadeelde en arm gemeenskappe op die Kaapse vlakte en omliggende dorpe.

Baie min sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing het genoegsame bydraes gemaak om ons plaaslike kunstenaars te ondersteun. Die Iqabane Kunsnetwerk, onder leiding van Omar Valley, is een van die private instansies wat al baie jare besig is met die bevordering van Kaapse kunstenaars.

Die US Kunsgalery in samewerking met Cape Investment Advisors en Iqabane Kunsnetwerk wil met hierdie uitstalling 'n bydrae maak tot die bekendstelling van sommige van hierdie kunstenaars.


Vir meer inligting, kontak gerus vir Suzelle by 021 808 3524/3489. Die galerytye is Maandag tot Vrydag, 09:00–17:00, en Saterdag 09:00–13:00.

## BOEKE / BOOKS

### SPATIALITIES OF URBAN CHANGE

*Selected themes from Bloemfontein at the beginning of the 21st century*

Lochner Marais & Gustav Visser (eds.)





It is against a postcolonial backdrop that this collection of essays aims to make a contribution to understanding the realities of urban centres that feature less frequently in the academic press. The research reported in this collection echoes and highlights many of the themes found in both the urban theory derived from the realities of many 'world cities', and in the challenges remarked upon in the development theory found in much of the work focused on South Africa's main metropolitan regions. However, the exploration of these issues on a different scale and in a different locational context also features different perspectives on South Africa's changing urban society, its problems and its challenges.

### THEY CAME TO STAY

*Discovering meaning in the 18th century Cape country dwelling*

Yvonne Brink




Cape colonial farmsteads built in the later eighteenth through to the early nineteenth centuries are a major tourist attraction in an area known as the Cape Winelands. Who were the people who built these houses? When and why did this unique style of architecture emerge in a colony of impoverished, semi-literate European peasants? And why, of all the Dutch colonies in various parts of the world, did it emerge only in the Cape? These are the main questions addressed by the author of *They Came to Stay*.

These titles are available from African SUN MeDIA Pty (Ltd.) www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za
africansunmedia@sun.ac.za (021) 808 2401 (021) 808 2626

KONSERVATORIUM

17 MAY 2008 20:00 ENDLER
STELLENBOSCH UNIVERSITY CHOIR
Conducted by André van der Merwe
*Works from the choir's competition repertoire for the World Choir Games (Austria, 2008)*

Aandlied *(Tradisioneel Afrikaans)* verw. André van der Merwe
Dies Irae – Alberto Balzanelli
Anima Christi – Ryan Cayabyab
The Birth of Orc – Hendrik Hofmeyr
Laudate Dominum – Giedrius Svilainis
Lauda Sion – György Orbán
Pie Jesu – Hendrik Hofmeyr
Lord, Lord God – .Giedrius Svilainis
Gloria – Hyo-Won Woo

CAROLS
Hoor die blye eng'le lied! – verw. André van der Merwe
Still, still, still – arr. Bob Chilcott
Sussex Carol – arr. Bob Chilcott
The time of snow – arr. Bob Chilcott
Jingle Bells – arr. Bob Chilcott
The twelve days of Christmas – arr. John Rutter

SPIRITUAL & GOSPEL
I can tell the World – arr. Moses Hogan *(1957–2003, USA)*
Amazing Grace – arr. Eriks Esenvalds *(b. 1977, Latvia)*
Who built the Ark? – arr. Moses Hogan *(1957–2003, USA)*
John the Revelator – arr. Paul Caldwell / Sean Ivory *(USA)*

24 MAY 2008 20:00 ENDLER
ANTON NEL
*Allegro de Concierto*

E. Granados – (1867–1916)
*Sonata No. 27 in E minor, op. 90*
L.v. Beethoven – (1770–1827)
*Faschingsschwank aus Wien, op. 26*
R. Schumann – (1810–1856)
*Preludes from Book I*
C. Debussy – (1862–1918)
*Fantasy in C, D.760 [op. 15] "The Wanderer"*
F. Schubert – (1797–1828)
Mit Lebhaftigkeit und durchaus mit Empfindung und Ausdruck
Nicht zu geschwind und sehr singbar vorgetragen
Allegro (Sehr Lebhaft)
Romance (Ziemlich Langsam)
Scherzino
Intermezzo (Mit Grösster Energie)
Finale (Höchst Lebhaft)

Alle besprekings by:
US Konservatorium
Neethlingstraat
Tel.: (021) 808 2345
Kantoorure: 08:00 – 16:30
Elektroniese besprekings:
music@sun.ac.za
Volledige konsertskedule:
www.sun.ac.za/music

# Matie receives R25 000 for brass band initiative

In 2003 Carlo Witbooi set foot on Stellenbosch University's main campus for the first time to register for the Introductory Certificate Programme offered by the Music Department. The programme was initiated in 1999 to equip members of the broader community with skills to play an instrument and to expand their knowledge of and insight into reading and understanding music. It is also a means for these students to gain access to the department's BMus degree programme. Five years later Carlo is returning to Emil Weder Secondary School, his alma mater, to plough back what he has learned.



Carlo Witbooi, who recently received R25 000 to implement a music education programme in Genadendal from the Department of Cultural Affairs and Sport, during a practice session with Pamela Kierman (sitting), a brass lecturer in the Music Department who also lectures in the Department's Certificate Programme. The Certificate Programme was established to equip students enrolled in the programme with skills to play an instrument and expand their knowledge of and insight into reading and understanding music. With them is Ms Felicia Lesch, Coordinator of Bridging Programmes and Outreach at the Conservatorium (Anton Jordaan, SSFD)

"I grew up in Genadendal and the only musical exposure I had was as a member of the Basuinkoor of the Moravian Church. We had no music tuition at high school," says Carlo. "The late Albert Engel visited Genadendal with the Wind Band in 2003 and told us about the Introductory Certificate Programme."

"I've had the opportunity to come to Stellenbosch University and study music, so I wanted to offer that same opportunity to others."

In many schools in the Boland and Overberg region there is a serious lack of music education. According to Ms Felicia Lesch, coordinator of Bridging Programmes and Outreach at the Conservatorium, the programme that Carlo completed has had staggering successes over the years.

"This year we conducted an experiment and promoted the programme by word of mouth. By the time we decided to publish advertisements, the programme was already full. Our intake has increased by 30% over the last few years and we now have a student body of 90 students," says Ms Lesch.

The students that are enrolled in the programme are also becoming mentors and teachers in their own right, she says. Currently two janitors working at a Mitchell's Plain school and completing the Certificate Programme are teaching music to learners at this school.

About 80% of students in the programme who were identified as potential BMus candidates were admitted to BMus studies at either Stellenbosch or Cape Town universities in 2006, 2007 and 2008. Another student, Brent Krus, won the Fine Music Radio Travel Award in 2006, while others have gone on to compete and excel in the International Chamber Festival, the National Youth Jazz Festival, the 38th International Horn Symposium and the South African National Youth Orchestra course

About 25% of the students in the Certificate Programme make up the University's ensembles, such as the Stellenbosch University Symphony Orchestra and Wind Ensemble, while some perform with the Cape Philharmonic Youth Orchestra, the Cape Philharmonic Youth Wind Ensemble and Windworx Symphonic Wind Ensemble.

Carlo is one of these success stories. He recently received R25 000 from the Department of Cultural Affairs and Sport to kick-start a dream he has been nurturing for the past few years. The brass band initiative is a meeting of minds between Carlo and Mrs Lindsay Jeptha, principal cultural officer at the Department of Cultural Affairs and Sport. The department wanted to implement a music education outreach programme that would provide youngsters who have had no exposure to music tuition with an opportunity to pursue music, while Carlo had been talking for years about starting a tuition programme at school level. A pilot project will kick off at Emil Weder Secondary School in Genadendal and will include primary school learners as well as Grade 8 to 10 learners who want to take music as an extra subject.

"When I looked at the Genadendal community, I saw a need for music education. There is nothing to do in Genadendal after school and by starting this brass band initiative we will give learners something to do after hours," explains Carlo.

"When we started the brass band initiative, 50 primary school learners were interested and signed up. Unfortunately we had to cut the numbers, because we just didn't have enough brass instruments for each learner."

The costs involved in running a brass band project are staggering. According to Pamela Kierman, a brass lecturer in the Music Department who also lectures in the Certificate Programme, music instruments have to be imported from abroad because South Africa does not have a music instrument manufacturing industry. This means that the price of music instruments can vary from R5 000 for a very basic trumpet to R40 000 for a French horn and R70 000 plus for a tuba. However, the costs do not stop there.

"Music instruments need to be maintained constantly and you need to have funds in place to service them on a regular basis. If they are properly maintained, a music instrument can last up to 15 - 20 years at school level and 30 – 40 years at tertiary level," says Ms Kierman.

For further details, contact Ms Lesch at 021 808 2349 or at fsmlesch@sun.ac.za


## WIE, WAT EN WAAR?



### PLUS-PROGRAM REEDS IN SY DERDE JAAR

Die Professionele Leerderskappe US-program (PLUS-program) is nou al in sy derde jaar. Hierdie program bied personeellede werksaam by die US die kans om formele leerskapkwalifikasies te bekom deur aan leerderskappe – formele eenjarige nasionale sertifikaatkursusse op Vlakke 3 tot 5 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) – deel te neem. Hierbo links verskyn die groepie wat Vlak 3 hierdie jaar voltooi. Onder is die groepie wat Vlak 4 van die program sal voltooi. (Jan Knight)





### A-EVALUERING VIR PROF PAUL CILLIERS

Prof Paul Cilliers, professor in Filosofie, is by 'n uitgelese groep navorsers by die Universiteit Stellenbosch (US) gevoeg nadat die Nasionale Navorsingstigting (NNS) 'n A-evaluering aan hom toegeken het. Die NNS-evaluering is 'n globaal-mededingende stelsel wat wetenskaplike navorsers gradeer na gelang van die gehalte en impak van hul navorsingsuitsette op grond van publikasies, eweknie-evaluasie en kundige menings wat plaaslik en in die buiteland ingewin word.

(Anton Jordaan, SSFD)



### DANA SNYMAN BY WOORDPRET

Dana Snyman, Afrikaanse skrywer en reisredakteur van die buitelugtydskrif *Weg!*, het onlangs by die eerste Woordpret van die jaar by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal opgetree. Op die foto verskyn sy vrou Naomi, Dana en prof Jerzy Koch van Pole. Prof Koch doseer Afrikaans en ook Nederlands aan die Universiteit van Wroclaw en die Adam Mickiewicz Universiteit in Pole.

(Gerhard van Wyk)




Kids party chairs & tables



- Color plastic tables and chairs for children birthday parties for hire.
- For children ages 1 to 7 years old.
- Bookings to be made 2 weeks before party. For bookings and quotations call Deidre on 073 286 6273

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 29 Mei 2008**

**Redakteur:** Lynne Rippenaar
**Bladontwerp:** Heloïse Davis
**Drukwerk:** SunPrint
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za

**Redaksionele bydraes aan:**
Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 808 4851, faks: 808 3800, e-pos: lynnr@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY